Uitnemendheid in Klaskamerpraktyk: Laerskole

Esmarie Rohr – Laerskool Skukuza: Mpumalanga

Esmarie is ‘n Graad 1 onderwyseres met 33 jaar ondervinding. Esmarie se onderwyspraktyk het totaal verander die dag toe sy deur ‘n katalogus van Oxford University Press blaai en ‘n foto sien van ‘n onderwyseres wat voor ‘n klas staan en klas gee met behulp van ‘n interaktiewe witbord. Die ongelooflike koste daaraan verbonde het haar geensins afgeskrik nie en sy het besef dat as sy hierdie droom wil laat waar word, sy self skouer aan die wiel sal moet sit. Met die hulp van haar man het sy ‘n borg gevind wat bereid wat om in haar droom en visie te belê. In Esmarie se eie woord: “I pushed myself beyond my personal comfort zone to engulf myself into a new futuristic way of teaching.” Dit was nie net ‘n nuutjie vir haarself nie, sommer gou het haar kollegas by haar kom inloer om te kom leer hoe om tegnologie in hulle lesaanbieding te integreer. Nou word haar klaskamer wyd besoek deur nie net kollegas van buurskole in Mpumalanga nie, maar ook deur departementele amptenare. Met die hulp van die interaktiewe witbord transformer Esmarie die gewone alledaagse konsepte tot iets buitengewoons en interessant. Niks meer papagaai-leer aktiwiteite in die klas nie! Lees, spel, wiskunde, lewensoriënteringstemas word uitgebou tot groot pret in die dubbel-medium klas. Vir baie leerdertjies in die klas wat moontlik nooit die geleentheid sal hê om wyd te reis nie, word die groot wye wêreld daar buite nou realiteit binne die omgewing van Esmarie se klaskamer. Esmarie sluit haar motivering af met ‘n aanhaling van Sean Gerety: “The technology you use will impress no one! The experience you create with it is everything!” Nie net het Esmarie se motivering die beoordelingspaneel ongelooflik geraak nie - ons kan ons maar net in dink hoe dit die kindertjies in haar klas se lewens aanraak en verander. Here’s to your awesomeness!